## Die lewensverhaal van die ou Lasarus

**138** Ek sê: "Ek sal dit aan julle verduidelik; julle moet almal net daarby baie goed oplet, omdat julle andersins niks van die hele saak sou verstaan nie! Want dié sterfgeval is heel besonders, soiets het hom in `n lang tyd nie voorgedoen nie en dit sal nog lank duur voordat dit weereens sal gebeur.

[2] Die ou Lasarus, wat `n hoë, oergeskape engelgees was, word algeheel volgens sy eie wil in die liggaam van `n mens gebring en wel onder die moeilikste lewensomstandighede wat op hierdie aarde maar kan voorkom. Vanaf die wieg tot aan sy sewe-en-veertigste aardse lewensjaar het hy omstandighede en beproewings deurstaan wat hier nie maklik weergegee sou kon word nie. Hoe dikwels was hy nie in lewensgevaar nie! Wie van julle die lewensgeskiedenis van Job ken, kan hom daaruit ongeveer `n beeld vorm van hoe dit met ons Lasarus gegaan het.

[3] `n Paar maal het hy tot die hoogste wêreldse aansien en tot groot rykdom gekom, en het `n vrou en die mooiste en die mees volmaakste kinders, daar was vyf, wat baie lief was vir hom omdat hy `n goeie en wyse vader was. In sy negentiende jaar trou hy met die enigste dogter van `n baie ryk man uit Bethlehem; sy goud en silwer sou honderd kamele nie maklik verplaas het nie. Maar hierdie groot aardse geluk van hom was van korte duur. Sy skatte word van jaar tot jaar minder, hy word, omdat hy `n goeie en te toegeeflike mens was, veelvuldig en dikwels heel aansienlik besteel. Ten laaste breek daar `n brand uit in sy huis, wat vernaamlik uit sederhout gebou was en hy kon van al sy skatte niks anders red as sy eie lewe, sy vrou en sy kinders nie, en hy moes daarna drie jaar lank byna alleenlik van aalmoese lewe.

[4] Maar gedurende dié drie jaar sterf sy vrou en ook al vyf sy liewe kinders. Hy self raak heeltemal oortrek met melaatsheid, waaraan hy `n volle jaar gely het. `n Arts uit Egipte het uiteindelik met `n geneesmiddel gekom en het hom heeltemal van hierdie kwaal bevry. As altyd nog `n knap man van vier-en-dertig, word hy toe op weg oorval deur vermomde slawehandelaars uit Agter-Persië en meedoënloos daarheen as slaaf verkoop aan `n uiters streng meester.

[5] Omdat hy egter onder al die slawe van sy meester die getrouste was en alle strengheid van sy meester altyd met baie geduld en nederigheid verdra het, roep sy meester hom na tien jaar na hom toe en sê aan hom: 'Ondanks al my strengheid teenoor jou, het dit geblyk dat jy baie getrou aan my gewees het, en jouself nóg moeite nóg werk gespaar het om my belange te behartig. As ek baie van jou verlang het, het jy altyd nog meer en dikwels tot my voordeel gedoen. Ek is wel `n streng meester - almal getuig dit van my - maar daarom nog nie blind en sonder insig en kennis nie en omdat ek dit nie is nie, gee ek jou die volle vryheid! Jy kan nou in vrede na jou huis en na jou eie land gaan. Bowendien skenk ek jou as blyk van erkenning vir jou getroue dienste nog honderd kamele, tien van my mooiste slavinne, en negentig knegte; en sodat jy orals iets kan koop en sal kan voorsien in jou verdere lewe en handel en wandel, sal my skatmeester jou duisend sakke goud en tweeduisend sakke silwer uitbetaal! Kyk, so beloon die streng meester `n troue slaaf en `n troue kneg kry dit dubbel, maar dié het ek, jammer genoeg, nog nooit gehad nie! Vertrek nou met `n geruste hart met alles wat ek, jou streng meester, jou geskenk het!'

[6] Toe buig Lasarus baie diep voor sy meester en wou hom bedank. Maar dié sê ernstig: 'Vriend, wie `n loon verdien soos jy, hoef na ontvangs die gewer nie te bedank nie! Gaan daarom in vrede; so is dit en so geskied dit!'

[7] Toe verlaat Lasarus, tot trane bewoë, die saal en toe hy die groot binnehof betree, staan alles al klaar: kamele, die tien slavinne en die negentig dienaars, en elkeen van die sterkste kamele was belaai met goud en silwer.

[8] Lasarus bestyg sy kameel en die tog begin. Na tien heel aangename reisdae het hy weer in Bethlehem aangekom, neem sy intrek in `n herberg en doen navraag oor sy vroeëre besittings. Dit was egter volgens die Romeinse wette as Romeinse staatsbesit verkoop en het reeds drie jaar gelede in die regmatige besit van die koper oorgegaan, omdat die oorspronklike werklike besitter, ondanks alle afkondigings wat deur spesiale boodskappers gedoen is, niks van hom laat hoor het nie. Want die koper was vir sewe jaar in `n sekere sin slegs pagter; kom die verdwene voormalige besitter in die sewende jaar terug, dan het hy nog die reg om beswaar in te dien - alleenlik moes hy die koper die hoogste bod insluitende rente vergoed omdat hierdie koper gesien moes word as `n bedryfsleier sonder opdrag en vir sy moeite wettig betaal moes word. Maar as die volle sewe jaar verby was, het die koper in die daarna onaantasbare, volle besit van sulke goed wat deur koop verworwe is, gekom. En dit was ook daar in Bethlehem die geval met die eiendom van Lasarus. Die koper was nou volle besitter, beskerm deur die wette van Rome en onse Lasarus moes onverrigter sake verder trek.

[9] `n Volle jaar moes hy in herberge deurbring, tot eindelik in Bethanië `n belangrike landgoed wat aan `n Griek behoort het, te koop aangebied word. Vir vyftien honderd sakke silwer kry Lasarus dit in sy volle besit en daarna trou hy in sy sewe-en-veertigste jaar met een van sy trouste slavinne, wat ook `n Judeër was en die jong Lasarus en sy twee sussies het uit daardie huwelik voortgekom. Na tien jaar skenk ook hy aan al sy dienaars, wat hy uit Persië saamgebring het, die volle vryheid, maar geen enkele een verlaat Lasarus nie en tot vandag toe lewe daarvan nog drie-en-vyftig. Maar almal gaan reeds binne twee jaar oor tot die Judese geloof en word daardeur nog waardevoller en innemender vir Lasarus. Sy vrou het pas twee jaar gelede gesterf en was ook `n toonbeeld van vroulike verdraagsaamheid en vroomheid en sedert dié tyd

behartig die drie agtergeblewe, opregte kinders die huishouding heeltemal alleen; buiten Elohim het hulle byna geen behoeftes nie en hulle doen uiters baie goed aan die armes."

### Verklaring van die verskynsels by Lasarus se dood

**139**(Die Meester:) "Omdat die ou Lasarus sy aardse lewensloopbaan so goed voltooi het, en nie net niks ingeboet het op sy vroeëre hemelse volmaaktheid nie, maar selfs uiters baie daaraan toegevoeg het, verenig teen die tyd van die afskeid van ons swaar beproefde engel wat sy proef uiters goed geslaag het, tallose volmaakte engele hulle en hulle beïnvloed die natuurgeeste van hierdie aarde sodanig dat hulle dieselfde werk moes verrig as die natuurgeeste van die son. Deur hierdie buitengewone aktiwiteit van die tallose geeste wat in `n beperkte ruimte saamgedronge was, ontstaan daardie lig wat deur jou, jou vader en die jong Lasarus waargeneem is juis op die oomblik toe die engelesiel en die gees van die ou Lasarus hulle begin losmaak van die bande van die vlees.

[2] Die geeste wat vir jou sigbaar was, wat hierdie lig in `n westelike rigting begelei het, het verderaan met die verskynsel geen ander, spesiale verband nie as dat hulle deur hierdie so buitengewone aktiwiteit van die normale natuurgeeste, wat onder hul bevel staan, self heel ongewoon geprikkel geword en toe ook, niksvermoedend wat daar aan die gang was, hulleself verplig gesien om deels vlugtig en deels skerp waarnemend te beweeg en druk aan die werk te gaan.

[3] Dat hierdie stoet, in jou kunstige woordgebruik, van die ooste na die weste te siene was en gegaan het, dui op `n belangrike aardse sterfgeval ooreenkomstig die feit dat alles op aarde in die ooste, waar die son opkom, met sonsopgang ontwaak en by sonsondergang weer aan die slaap raak. Maar terselfdertyd stem die aardse aand in omgekeerde sin ooreen met die pure geestelike môre, en die aardse môre met die geestelike aand, want op die aardse môre begin die meeste mense hulle so goed moontlik besighou met wêreldse sorge en dit is, dikwels genoeg, `n egte en diep geestelike aand sonder skemering, dus reeds werklik `n geestelike nag. Slegs saans, moeg van die wêreldse sorge, gaan dan baie daartoe oor om na te dink oor die verdwyning van die tydelike en hulle tot Elohim te wend en dit kom dan ten minste ooreen met `n geestelike môreskemering.

[4] Vir julle begrip moet hierdie verklaring voldoende wees en julle weet nou die hoe en waarom van die geestelike en natuurlike samehang van die groot nagtelike ligverskynsel en van die begeleiding deur die geeste.

[5] Nou gaan ons na die sterfkamer van die ou Lasarus! Daar sien jy geen onduidelike newelvorm bo die lyk sweef nie, maar alreeds `n meer volle menslike vorm. Die rede daarvoor lê in die groot liefde tot werke, wat dui op `n volmaakte, innerlike, geestelike lewe wat heeltemal sonder vrees is vir die komende groot werksaamheid in die eindelose ryk van die hemele. Die angstrillings van die siel laat hulle daar nie geld nie en daarom is die menslike vorm van die siel al dadelik by die uittrede uit die liggaam volmaak en in rus volkome sigbaar, natuurlik vir diégene wat die seldsame vermoë het om dit te kan sien.

[6] Die klein en uiters dun verbindingsdraad tussen die siel en sy liggaam dui op `n minimale neiging na die aardse en dus ook `n uiters lig en pynlose skeiding van die liggaam. Dieselfde ligverskynsel bo die kop van die siel dui veral op die uiters kragtige wil van die siel, wat deur sy buitengewone aktiwiteit volgens die orde van die hemele sigbaar is as `n ligpilaar bo die kop - as pilaar, toonbeeld van onbuigsaamheid, en as lig, wat altyd ontstaan deur korrek op te tree volgens die goddelike orde van Elohim se hemele. Hierdie lig deurstraal en verlig die vermoë van die siel tot insig altyd ten volle sodat die wil nie blind nie, maar altyd duidelik siende handel.

[7] Omdat die denke van `n opregte mens hoofsaaklik egter van die hart uitgaan, soos wat ook die setel van die liefde en die wil net dáár te soek is, word die lig van die wil van die vrye siel, wat in die aardse lewe alleenlik in samewerking met die verstand van die kop moes werk, nou as gordel van die kleed van die liefde en geregtigheid, geduld en verdraagsaamheid sigbaar rondom die lendene van die vrye siel. Die kroon getuig egter van `n nuwe gawe van die suiwerste hemelse lig wat egter maar net aan diegene ekstra meegegee word wat hul reeds op aarde beywer het vir die ware, hemelse wysheid en daardeur mense vol liefde, wysheid en ware hemelse geregtigheid geword het. So `n stralende kroon is dan `n produk van die wyse wil van alle oergeskape engele van die hemele en beteken by die een wat hom op sy kop dra dat hy nou as `n geheel volmaakte, en aan Elohim soortgelyke wese ingewy is in alle wysheid en in alle kennis van alle hemele.

[8] So `n hemelse gees wat ook die vlees van die aardse lewe deurloop het, het dan op sigself net so baie kennis as alle ander oergeskape engelegeeste bymekaar wat die weg van die vlees nog nie betree het nie, omdat so `n kroon `n samestelling van al die hemelse intelligensiedeeltjies, soos wat die menslike siel ook saamgestel is uit al die aardse intelligensiedeeltjies, wat sekerlik oneindig baie beteken.

[9] Nou dink Ek dat julle al hierdie ietwat buitengewone verskynsels goed sal verstaan. Maar as iemand nog een of ander probleem het, wel, laat hom dan vra en hy sal lig kry! Want die hemele drup `n regte lig op diégene wat regverdig en van goeie wil is. Vra dus met vrymoedigheid as julle iets nog nie verstaan nie!"